**10 Februarie**

## Stel ’n voorbeeld, al is jy jonk!

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:1-16**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:12**

Paulus skryf aan Timoteus om hom in die geloof te bemoedig en hom te vra om dwalinge in Efese te bestry. ’n Groot taak word aan Timoteus gegee, hoewel hy jonk is. Hy word ook gevra om hom te oefen om aan God toegewyd te lewe (vs 7), maar ook al die belangrike opdragte vanaf vers 6 tot 16 word aan hom opgedra.

Vandag is daar in jou omgewing ook vreemde sienings rakende die geloof. Jy het dus ’n besondere taak om te verrig, al is jy jonk. Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie. Nou mag jy dalk sê: Ek is tog net ’n mens, ’n sondaar. Hoe gaan ek dit regkry om hierdie verkeerde sienings raak te sien?

Eerstens moet jy weet dat Jesus Christus uit genade vir jou sondes gesterf het. Jy moet daarvoor dankbaar wees. Met die hulp van die Heilige Gees kan jy ook jouself oefen in die toewyding aan God. Een voorbeeld hiervan is Bybelstudie. Deur jou Bybel te ken, kom jy te wete wat God se wil is. Jy kan so onderskei wat reg en verkeerd is.

Die Heilige Gees lei jou ook in jou optrede sodat jy kan voldoen aan die opdrag in vers 12. Jy kan deur die genade van God vir Hom ’n dienaar wees, sy Woord beoefen en ken, asook die regte voorbeeld in jou omgewing vir ander mense stel.

*Sing: Psalm 18: 1, 12* *Teologiese Student Marco le Roux*